

Maandag 17 April

Skrifgedeelte: Matteus 28:1-8 (1983-vertaling)

Fokusgedeelte: Matteus 16:6

“Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het” (Matt. 28:6)

Vir Christene is Sondag ’n feesdag! Sondag is *opstandingsdag*. Daar is fees in die hemel. Daar is vreugde in die Vaderhuis. Dit was die skoonste en mooiste môre sedert die skeppingsmôre. Opstandingsmôre was die opkoms van die *Son van Geregtigheid*, die *Ewige Lig*!

Paasmôre is daar *vreugde in die hemel*. Paasfees is die *boodskap van opstanding* aan die wêreld! Die graf is leeg. Jesus het opgestaan! Die dood is oorwin. Die dood is dood. Jesus het die *doodlooppad* van die dood ’n *deurlooppad* na die Vaderhuis gemaak. *Vroue het eerste getuig en verkondig van Jesus se opstanding*.

Helaas, op aarde is *teleurstelling*! Geen skare mense nie. Eintlik niemand nie. En dít terwyl dit die grootste oomblik sedert die skeppingsmôre is. Dit is ’n onverwagte en teleurstellende berig. Eeue vooruit het God voorspel dat die dag van oorwinning sal aanbreek. Daar is egter nie één wat dit opgewonde kom aanskou nie! Niemand nie. Die eerste teks en preek daardie opstandings-môre is deur ’n engel gesê: “*Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opge-wek, soos Hy gesê het*” (Matt. 28:6). Die woorde “*soos Hy gesê het ...*” dui op wat Jesus self voorspel het en wat eeue lank voorspel is. In die eerste *opstandingspreek* word duidelik na die *vervulling* van die Skrif verwys.

Die opstanding van Jesus uit die dood is ’n bewys dat God nie maar ’n *Praatjiemaker* is nie. Die opstanding is ’n bewys van God se beloftes: Dit is “*amen*”, *waar en seker*!

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4

Dr. PW (Pieter) Bingle (Emeritus)